Mnr. Kosie van Niekerk, hoof van Select Musiek, het verlede week in Johannesburg 'n goue plaat aan Laurika Rauch oorhandig vir verkope van meer as 25 000 vir haar vorige plaat, *Stuur groete aan Mannetjies Roux*.

Skitterende gehaltewerk

EK wens die hele Suid-Afrika wil net vir 'n oomblik stil word en luister na Laurika Rauch se nuwe laserplaat en kasset, *Die gang*.

Dit is 'n uitsonderlike werk wat die kroon span op veertien jaar se harde werk van iemand wat nie altyd die nodige erkenning gekry het nie en onregverdig teen die gewildheid van soetsappige vertalings moes meeding – terwyl sy kop en skouers bo die meeste plaaslike kunstenaars uitstaan.

As 'n mens deur jou rakke plate blaai en weer na haar ou plate kyk, besef jy watter ontsaglike bydrae hierdie vrou tot ons musiekskat gelewer het. Met *Debuut, Vir Jou, Encore! Laurika* en *Stuur groete aan Mannetjies Roux* het hierdie formidabele sangeres al gesorg vir van die onvergeetlikste oomblikke in Afrikaanse musiek.

Met *Die gang* betree sy egter 'n nuwe dimensie wat haar in 'n klas van haar eie en op gelyke voet met die beste internasionale sterre plaas.

Die titelsnit is 'n opvolg van die suksesvolle *Mannetjies Roux* en herinner musikaal en tematies baie sterk aan sy voorganger. Dis 'n pragtige skepping van Christopher Torr, wat ook vir ander hoogtepunte op die plaat gesorg het, en sterk herinner aan Rauch se verwerking van Ingrid Jonker se *Toemaar, die donker man*.

Met haar diep, donker stem verken sy die donker gang van die vrees vir die onbekende tussen die gerustellende ou portrette deur sodat elkeen wat al 'n plaashuis in die donker beleef het, dit kan voel, hoor en sien.

Van die wonderlikste liefdesballades wat al geskep is, is op *Die gang* te hoor en 'n mens kan jubelend sê dit is ver verwyder van die gewone soetsappige vertalings en gedwonge rym wat gewoonlik so goed in ons land verkoop.

My groot gunsteling is *Die tyd stap aan* van Lucas Maree, waarin hy homself weer bewys as een van die beste Afrikaanse liriekskrywers wat ons het. Dis ongelooflik hoeveel emosie hy deur die treffende, dog eenvoudige lirieke ingelaai het.

Die ander belangrike bydrae van Christopher Torr is *Stille waters*. Luister 'n bietjie na die volgende lirieke: *Wie sal ooit die liefde kan verstaan?/ nader as 'n hartklop, verder as die maan/ daar is 'n tyd van kom, en 'n tyd van gaan/ dit het ek gelees maar/ hoe sal ek dit ooit verstaan?*

Die ander uitstaande liefdesgedig is deur Pieter Swanepoel en Peter McLea geskryf. *Sonder seile teen die wind* is 'n hartroerende werk wat verdien om gereeld oor die radio gehoor te word. Die driemanskap het hier vir 'n uitsonderlike komposisie gesorg wat nie vir die beste ter wêreld terugstaan nie. Naas Lucas se lied lê hierdie snit die naaste aan my hart.

Liza se klavier van Koos Kombuis is ook op *Die gang* opgeneem. In hierdie opsig lewer Rauch 'n belangrike bydrae as brugbouer tussen die sogenaamde alternatiewes en die establishment.

Dit sal 'n groot fout wees as al die alternatiewes se musiek verlore moet gaan net oor enkele omstrede liedjies en uitsprake. Rauch sorg nou dat 'n uitsonderlike skepping aan 'n breër gehoor bekend gestel en vir die nageslag bewaar word.

Freek Robinson verras met die lirieke van *Kon jy raai toe ons kinders was* en as ons nie in die toekoms nog van sy werk op plaat sien nie, sal ek my hoed opeet.

Rauch se heerlike hees stem sorg ook vir 'n onvergeetlike oomblik met *Lili Marleen*. Die verwerkings van regisseur Peter McLea verdien 'n pluimpie en dra by tot die professionele aanbieding van die produksie, waarvoor Select Musiek ook lof verdien.

Rauch se groen buiging is ver verwyder van die gewone kniebuiging in die rigting van die nuwe modemusiek. Met ironie wat sny, draai sy in *Nuwe aarde* van Pieter van der Lugt en *Sy is al wat ons het* van Nataniël die sentimentaliteit oor die aarde op sy kop.

Soms kry 'n mens 'n skitterende bottel rooi wyn persent, maar kry jy net nie die regte geleentheid om dit te drink nie. Dit is asof geen geleentheid reg kan laat geskied aan 'n uitsonderlike wyn nie. Dit is nou die tyd om daardie beste wyn uit te haal om saam met Laurika Rauch te geniet. Maar die wyn sal moet uithaal om by te bly ...